**Sondag 27 Oktober**

| Skrifgedeelte: Filippense 1:27-30 | Fokusgedeelte: Filippense 1:27-30 |
|---|---|

**Wedergeboorte – opgewek tot ’n lewe van lyding**

Glo jy werklik dat ons uit genade alleen verlos is? Waarom stel ons dan so baie eise aan mekaar? Soms is hierdie mensgemaakte eise só hoog dat ons sukkel om werklik soos verlostes te lewe, om ander aan te raak met die liefde van Jesus wat in my borrel.

Ons kry die opdrag hier om soos verlostes te lewe, wat beteken dat jou lewe die verhaal van Koning Jesus moet vertel. Dit vra dat ons standvastig lewe en saam stry vir die evangelie van redding. Maar wanneer mens in ooreenstemming leef met die evangelie van Jesus Christus, dan beteken dit dat jou verhaal soos syne sal wees. *“God het julle die voorreg gegee om Christus te dien.”*

Nie die reg nie, maar die voorreg, want net hulle wat uitgekies is, mag dit doen. Dis ’n voorreg om te glo, maar ook om vir Jesus Christus te ly. Wanneer jy in pas met sy evangelie leef, sal jy lyding ervaar, soos Hy dit ervaar het. Ons hoor hoe die vroeë kerk dit hanteer het in Handelinge 5:41: “Die apostels het van die Raad af weggegaan, bly dat hulle bevoorreg was om ter wille van die Naam van Jesus vernedering te ly.”

Om in Christus te glo en vir Hom te ly, kom ook nie van ’n mens af nie, maar van God. Hiervoor het Hy ons gekies en bekwaam gemaak. Is dit vir jou ’n voorreg dat die Koning jou hiervoor roep? Glo dan dat dit werklik genade is dat jy gered is, en sien dit as genade wanneer jy ook as gevolg van hierdie redding mag ly.

*Sing: Skrifberyming 3-3:1, 2, 5*

*Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)*